## Rasionalisasie en die oorlewing van die Klassieke in die Nuwe Suid-Afrika - Enkele Gedagtes

Die val van die Romeinse Ryk in die Weste in die jaar 476 n.C. is vir baie eeue lank beskou as die grootste ramp wat die mensdom nog getref het.[1] Retrospektiewelik beskou besef 'n mens egter dat dit 'n noodsaaklike fase in die verloop van die geskiedenis was, en dat dit ook positiewe gevolge gehad het. Die absolute despotisme van die laat Keiserryk het politieke ontwikkeling totaal versmoor, en lank voor die val van die Ryk vind ons reeds op politieke, kulturele en ekonomiese gebiede 'n steriele en verstarde uitkyk op sake. Met die oorname van die Wes-Romeinse Ryk deur die barbare is hierdie wurggreep verbreek, en ná die Middeleeue kon denkers met entoesiasme weer op die goeie fondamente van die Klassieke beskawing bou sonder dat hulle ingeperk was binne die mure van 'n eietydse kultuur.

Ons situasie vandag in Suid-Afrika in die Klassieke - en miskien ook in die Geesteswetenskappe in die algemeen - vertoon sekere ooreenkomste met die situasie in die 5de eeu n.C. Ook ons staan aan die einde van 'n era; ook ons denke het miskien die afgelope dekades verstar geraak, want in die "goeie" sestiger- en sewentigerjare was dit nie nodig om aan veranderinge te dink nie; ook ons gaan nou as gevolg van druk van buite 'n insinking - in elk geval op onderwysgebied - beleef. Maar dan is daar die ligpunt: die fondamente wat gelê is, is stewig, en ek is oortuig daarvan dat hulle, soos in die geval van die Romeinse beskawing sal bly staan, en dat ons nog hierop sal voortbou.

Ons voortbestaan in die nuwe Suid-Afrika - in die Klassieke in elk geval - sal egter met opofferings en aanpassings en harde werk gepaard moet gaan. Ten spyte van die tradisionele argumente van die intellektueel vormende waarde van die Klassieke en die kultureel verbredende insigte wat ons steeds sal en moet bly opper, is dit waarskynlik dat die aantal Latynleerlinge[2] in die toekoms sal afneem, en dit mag weer daartoe lei dat Latyn by nóg skole uitgefaseer word. Dit is dus dringend noodsaaklik dat ons daadwerklik begin optree en so gou as moontlik op skool- en universiteitsvlak strategieë in werking stel om die toekoms van die Klassieke te verseker.

Op skoolvlak is daar reeds baie in hierdie verband gedoen, en gelukkig is dit so dat Latynonderwysers begeesterde mense is wat - so glo ek - op elke tree van die pad vorentoe sal veg vir die behoud - en selfs uitbouing - van Latyn. Trouens, in die Transvaal word Latyn

---

1 Lank voor die amptelike oorname van die Ryk deur die barbare in 476 n.C., het die verwoesting van Rome in 410 n.C. deur die Visigote onder leiding van Alaric skokgolwe veroorsaak wat tot in Palestina gevoel is, soos onder andere blyk uit die weeklag van Hieronymus: "Die hele wêreld het in een enkele stad ten gronde gegaan" (*Praef. Comm. Ezek.*).

2 Daar sal in hierdie bydrae hoofsaaklik op *Latyn* op skoolvlak gekonsentreer word omdat Grieks tans slegs by enkele privaatskole in die land aangebied word. Ook in die bespreking van rasionalisasie en oorlewing op universiteitsvlak val die klem in 'n groter mate op Latyn omdat Grieks by heelwat universiteite taamlik stewig veranker lê in die Teologiese Fakulteit.



http://akroterion.journals.ac.za/

nou weer op aandrang van die ouergemeenskappe aangebied by sekere skole wat dit afgeskaf het - te danke aan harde werk agter die skerms van die Klassieke Vereniging en onderwysers daar. 'n Bydraende faktor tot die sukses wat daar behaal is, is sekerlik die entoesiasme wat gewek is deur mev. Corrie Schumann se *Schola Latina*-projek in Pretoria waar Latyn aan laerskoolleerlinge aangebied word. Hierdie program word ook reeds op verskeie ander plekke in die land met groot sukses aangebied: by die Universiteit van die Oranje-Vrystaat word daar byvoorbeeld onder leiding van mnr. Dirk Coetzee 'n *Ludus Latinus* aangebied aan ongeveer 80 standerd 4 en 5 leerlinge van Bloemfontein en omgewing. Hier word die interessante situasie aangetref dat die oorgrote meerderheid van hierdie kinders uit oorwegend Swart en Bruin skole kom. Dié leerlinge moet elke week van vér af na die kampus vervoer word (sommige kom selfs per huurmotor), maar hulle is gereeld daar, en hul entoesiasme en leergierigheid is opvallend. Ek wil dus 'n dringende beroep doen op persone wat Latyn op universiteit gehad het maar nie nou die geleentheid het om dit aan te bied nie, om die inisiatief te neem om met die hulp van mev. Schumann (Dept. Latyn, Universiteit van Pretoria) so 'n kursus aan te bied - selfs op die platteland. Al kan dit nie tot die ideale situasie lei dat só 'n leerling Latyn op hoërskool neem nie, word sy/haar belangstelling miskien dermate gewek dat hy/sy later Latyn op universiteit neem - of dan in elke geval vorentoe steeds 'n belangstelling in die Klassieke het.

Op universiteitsvlak is dit baie duidelik dat die staatsubsidie vir tersiêre onderwysinstellings steeds sal verminder in die toekoms, en dat rasionalisasie[3] op inter- en intra-institusionele vlakke toenemend vereis sal word.[4] Dit is verder 'n welbekende feit dat die Komitee van Universiteitshoofde (KUH) tans besig is met 'n evaluering van die verskillende departemente aan tersiêre instellings[5] en dat daar reeds as gevolg hiervan departemente en poste is wat uitgefaseer is/word. Dat ons dus op hierdie vlak die een of ander vorm van besnoeiing in Klassieke Tale kan verwag, is voor die hand liggend. Die kritieke vraag is nou net watter strategieë ons hier kan bedink om die komende krisis te oorleef, en hoe gou dit geïmplementeer kan word.

Verskeie universiteite het al die skrif teen die muur gesien en begin met maatreëls om die KUH se rasionaliseringsprogram voor te spring. Sekere strategieë is reeds met 'n meerdere of mindere mate van sukses geïmplementeer of word in die vooruitsig gestel, soos blyk uit die hieropvolgende bespreking.

---

3 Vir 'n omskrywing van die begrip "rasionalisasie" vgl. A.H. Snyman ("Universiteitsrasionalisasie. Enkele knelpunte en riglyne", *Acta Academica* 23(2), 1991:95): "... rasionalisasie kan beskryf word as die neem en deurvoer van besluite oor die relatiewe belangrikheid en wisselwerking van alle onderwys- en navorsingsprojekte aan universiteite ten einde oorvleueling uit te skakel en groter effektiwiteit te bereik". Snyman noem ook dat rasionalisasie 'n positiewe kant het wanneer dit slaan op die "optimale benutting van beperkte hulpbronne".

4 Vgl. A.H. Strydom, E.M. Bitzer en A.A. Beylefeld *et. al.*, *Campus Trends in Southern Africa* (2), Bureau for University Education, UOFS, 1991, p.3. In beleidsdiskussies in die Verenigde Koninkryk word hierdie problematiek ook aangespreek.

5 Uit 'n vraelys vir departementele evaluering wat deur die Buro vir Akademiese Ondersteuning aan die UOVS opgestel is, kan die tipe norme waarmee die KUH werk, afgelei word. Daar word onder andere gevra na die doelstellings en doelwitte van departemente ten opsigte van onderrig, navorsing en samelewingsdiens, die tipe kursusse wat aangebied word met die SANSO-kredietwaarde van elk, die VE-getalle per studiejaar die vorige 3/4 jaar, die verhouding van VE-studente tot C1-eenhede (die ekwivalent van 'n permanente senior lektor), die aantal voor- en nagraadse studente geslaag, die aantal navorsingsuitsette die afgelope 3 jaar, die aantal dosente in die uitvoerende komitee van 'n nasionale professionele vereniging ens.



http://akroterion.journals.ac.za/

## 1. Samevoeging van departemente

In navolging van die Oxbridge-model het die Engelstalige universiteite in die land almal 'n "Department of Classics/Classical Languages" terwyl die meeste Afrikaanstalige universiteite tans nog afsonderlike departemente Grieks en Latyn het. Die Universiteit van Potchefstroom het egter reeds begin om in hul rasionaliseringsprogram die departemente Latyn, Grieks en Semitiese Tale saam te voeg in 'n Dept. Klassieke en Semitistiek (ook Duits en Frans is daar saamgegooi in 'n Dept. Europese Tale). Dit is die verwagting dat ook ander universiteite hierdie neiging om tale in groter pakkette saam te voeg, sal navolg. As só 'n pakket uit 'n sinvolle kombinasie van vakke bestaan, kan dit wel voordele inhou, soos dat dosente oor en weer sal kan klasgee. In gevalle waar daar nog afsonderlike departemente is, wonder 'n mens egter of die herorganisasie wat hierdie samevoeging meebring werklik die moeite werd is, aangesien die besparing daaraan verbonde so gering lyk.

## 2. Interdissiplinêre samewerking

Indien 'n mens rasionalisasie sou sien as die uitskakeling van oorvleueling en die optimale benutting van beperkte hulpbronne,[6] kan ons met min ekstra inspanning 'n positiewe bydrae lewer deur die samewerking wat daar reeds op beperkte skaal tussen departemente aan sekere universiteite bestaan, nog verder uit te brei en op 'n meer offisiële basis te plaas. Kursusse oor onder andere Griekse en Romeinse drama en oor die ontstaan van die Westerse literatuurteorie word byvoorbeeld reeds by sommige universiteite deur dosente in Klassieke Tale aan studente in ander taaldepartemente aangebied. Dit het die voordeel dat Klassieke departemente hulself stewiger veranker in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte waar ons as taaldepartement eintlik tuishoort - in Latyn in elk geval het ons al die jare te sterk gesteun op die Regsfakulteit wat wel ons meeste studente gelewer het, maar wat Latyn steeds as 'n dienskursus gesien het.

Ook wat publikasies betref, glo ek dat ons breër moet dink en in hierdie dae benewens gespesialiseerde navorsing (wat steeds nodig is), die goeie voorbeeld van dié klassici moet volg wat ook interdissiplinêr werk en dié soort navorsing doen waarby ander dissiplines ook baat vind. Waar die Klassieke die basis van die Westerse beskawing is, het ons in Grieks en Latyn iets te sê vir die ander vakke! En benewens ons vaktydskrifte sou 'n mens vir publikasiedoeleindes ook aan tydskrifte met 'n breër leserspubliek kon dink sodat die bydraes oor die Klassieke wyer bekend gestel kan word.

## 3. Verkorting van studietermyn en vermindering van doseertyd

In teenstelling met Grieks waar studente wat geen kennis van die taal het nie, binne 3 jaar Grieks as hoofvak kan afhandel, val Latyn onder dié groep departemente wat by die meeste universiteite van studente wat nie die vak op skool geneem het nie, 'n voorbereidende kursus vereis. Die gevolg is dat die studietermyn van sulke studente wat Latyn eventueel as hoofvak wil aanbied tot 4 jaar verleng word. Teneinde hierdie diskrepansie uit te skakel (veral as Latyn- en Griekse departemente toenemend saamgevoeg sou word), en ook om doseertyd te spaar in departemente wat vanweë besnoeiing onderbeman is, moet ons ernstig daaraan begin dink om Latyn vir studente wat dit nie op skool geneem het nie, van 'n vier- tot 'n driejarige kursus te verkort (die Universiteit van Natal in Pietermaritzburg bied dit reeds so aan, en die RAU stel dit in die vooruitsig). 'n Reëling wat reeds aan onder andere

6 Snyman (kyk voetnoot 3), 95.



http://akroterion.journals.ac.za/

die Universiteit van Stellenbosch asook die Universiteit van die Oranje-Vrystaat bestaan om die studietermyn van Latynstudente te verkort, is dat uitstaande studente in Voorbereidende Latyn die kans gebied word om direk met Latyn II aan te gaan.

Tesame hiermee sou onderbemande departemente die moontlikheid kon ondersoek om die aantal kontakure met studente te verminder. Dit is wel so dat tale meer kontaktyd vereis as van die ander geesteswetenskaplike vakke, maar met begeleide selfstudie op meer gevorderde vlak (soos dit by die RAU in die vooruitsig gestel word), sou 'n mens in 'n krisistyd op hierdie wyse 'n paar ure doseertyd kon spaar.

## 4. Voor- en nagraadse departemente

'n Minder aanvaarbare vorm van rasionalisering waarvan daar deesdae gepraat word, is die moontlike afskaling van sekere departemente na voorgraadse studie, terwyl die nagraadse komponent slegs aan sg. sentra van voortreflikheid by sekere universiteite aangebied sal word. Die aantal nagraadse studente die afgelope jare sal kennelik die deurslaggewende faktor wees by die besluit of 'n departement sy nagraadse komponent gaan behou. Indien die KUH sou besluit op hierdie vorm van rasionalisasie wat suiwer op kwantitatiewe gegewens gegrond is, moet twee sake egter in gedagte gehou word. Die afskakeling van 'n departement na slegs voorgraadse studie is 'n drastiese ingreep wat die hele karakter van só 'n departement verander. In Klassieke Tale sal dit impliseer dat Latyn en Grieks dan gereduseer sal word tot blote dienskursusse vir onderskeidelik Regte en Teologie. Van die kant van die student moet die regionale aspek ook in gedagte gehou word: die meeste ouers stuur hulle kinders vanweë finansiële oorwegings na die naaste universiteit. Indien die betrokke departement aan daardie universiteit nie 'n nagraadse afdeling het nie, kan die student (behalwe met beurse of lenings) nie verder studeer in daardie vak nie. So 'n vorm van rasionalisasie sou dus slegs in die PWV-gebied en die Wes-Kaap waar daar 'n paar universiteite naby mekaar is, sonder groot skade aan die studente-getalle in die Klassieke toegepas kon word. Ek vertrou egter dat die KUH hul slegs in 'n werklike krisissituasie tot hierdie vorm van rasionalisering sal wend.

## 5. Uitfasering van departemente en/of poste

'n Totaal onaanvaarbare vorm van rasionalisering is die afskaffing of uitfasering van departemente (soos die KUH se poging om Inligtingkunde aan sekere universiteite af te skaf) en/of poste. In my empiriese ondersoek (skakeling met departementshoofde aan alle universiteite in Suid-Afrika in November 1991) het ek egter gevind dat daar in die departemente Latyn, Grieks en Klassieke Tale tot op datum nog geen werklik noemenswaardige besnoeiings was nie. Wel is tydelike poste by baie universiteite afgeskaf, en word poste van persone wat aftree nie weer gevul nie of afgeskaf.

## Verdere strategieë om die relevantheid van die Klassieke in 'n Derdewêreld-/Afrika-konteks aan te toon

In die vinnig-veranderende wêreld waarin ons vandag leef, is dit egter baie waarskynlik dat daar 'n nuwe regeringsbestel gaan kom nog voordat al die rasionaliseringsplanne van die KUH geïmplementeer is, en dit is nodig dat ons ook daarop voorbereid is. Dat daar in só 'n situasie selfs nog meer ingrypende besnoeiings gaan kom is duidelik, maar daar kom dan 'n saak by waaraan dringender as ooit aandag gegee sal moet word, te wete die aantoning van die relevantheid van die Klassieke in 'n derdewêreld konteks.



http://akroterion.journals.ac.za/

Sekerlik die belangrikste stap wat ons in hierdie opsig in die nuwe Suid-Afrika kan neem, is om hulp aan te bied met die ontwikkeling van taalvaardigheid in die algemeen. Baie studente se vermoë om taal korrek te gebruik, is ontoereikend.[7] En as gevolg van die intieme verband wat daar tussen taal en denke bestaan, is dit so dat beide die dosent en die student se insette tevergeefs is as die verworwe kennis nie in taal weergegee kan word nie. 'n Navorser in die VSA gaan selfs verder en glo dat daar 'n verband bestaan tussen gebrekkige woordeskat en geweld, wat hy toeskryf aan "frustration at not being able to have control of a situation through abstraction and conceptualization. Studies on inner-city children and on adults in a drug rehabilitation programme show the common thread of an extremely low level of vocabulary".[8] Hierdie situasie laat 'n mens ook dink aan George Orwell se opmerking: "the smaller the choice < of words > the smaller the temptation to take thought".[9]

Die vraag is nou wat ons in die Klassieke *in die praktyk* aan hierdie situasie kan doen. Allereers moet die owerhede op skool- en universiteitsvlak daarvan oortuig word dat Latyn 'n baie waardevolle hulpmiddel kan wees vir die verbetering van taalvaardigheid in die algemeen. En hier dink 'n mens nie net aan die uitbreiding van skoliere en studente se Afrikaanse en Engelse woordeskat nie, maar ook aan meer geartikuleerde formulering in Afrikaans en Engels. Ons weet almal dat daar in 'n analitiese taal soos Latyn baie bewustelik na die struktuurelemente van die taal gekyk word. Dit is dus logies dat 'n skolier/student wat hom selfs net vir een jaar lank daagliks moet vergewis presies wat 'n skrywer/digter met 'n spesifieke woord wil sê, 'n meer analitiese houding ten opsigte van taal in die algemeen sal aanleer. Benewens die herstel van gebrekkige taaltoerusting behoort dit ook defekte denke en geestelike luiheid te herstel.[10] Dit is trouens in die praktyk bevestig, soos blyk uit gesprekke met etlike kollegas (aan die Universiteit van Suid-Afrika, die Universiteit van die Noorde en Fort Hare) wat die ervaring gehad het dat studente hulle bedank omdat hul taalvaardigheid in *Engels* in die loop van die Latynkursus soveel verbeter het.

Kortom, die belangrike rol wat Latyn in die ontwikkeling van taalvaardigheid in Engels en Afrikaans kan speel, kan nie sterk genoeg beklemtoon word en dikwels genoeg onder die owerhede se aandag gebring word nie. Wat die regstudente betref, kan diegene wat hulle vir die advokatuur wil bekwaam, nog baat vind by die een jaar verpligte Latyn wat hulle nodig het as toelatingsvereiste tot die Balie. (Hier kan 'n mens maar net hoop dat hierdie uiters waardevolle hulpmiddel tot algemene taalvaardigheid wat so belangrik is vir advokate wat hul woord goed moet kan doen, nie in die nuwe Suid-Afrika verder afgeskaal sal word nie.) Wat nie-regstudente betref wat nie normaalweg Latyn neem nie, kan ons ons vak probeer beveilig deur die universiteitsowerhede te oortuig om Latyn in te bring in die sillabus van die studente wat remediërende onderrig as deel van oorbruggingskursusse ontvang[11] - weer eens nie net ter wille van die vakinhoud van Latyn nie, maar ten einde

---

7 Vgl. D.C. du Toit: "Die gebrekkige taalvermoë van regstudente in die algemeen en die versteurde kommunikasie waartoe dit lei, is opsigtelik die grootste enkele probleem in regsopleiding. Ons het te doen met moderne taalbarisme, wat voortreflike geesteswetenskaplike studie aan die universiteit dwarsboom" (Ongepubliseerde referaat gelewer by Regsimposium aan die UOVS, 13.2.87).

8 N.A. Mavrogenes, "Latin in the Elementary School: A help for Reading and Language Arts", *Latin Teaching* 36, 1981, 43.

9 Verwysing in *Time Magazine*, 25/8/1975, 36.

10 So geformuleer deur D.C. du Toit in sy referaat, kyk voetnoot (7).

11 Aan Brooklyn College, New York, word studente wat die taalvaardigheidsgedeelte van die toelatingseksamen druip, verplig om een uit 'n verskeidenheid van remediërende kursusse te



http://akroterion.journals.ac.za/

die studente se taalvaardigheid in Engels en Afrikaans te verbeter (by die UOVS is só 'n projek reeds in beginsel deur die Buro vir Akademiese Ondersteuning goedgekeur en word daar net gewag op buite-befondsing).

Daar is ook ander wyses waarop ons die relevantheid van die Klassieke binne 'n Afrika-konteks kan uitbring. Dit is natuurlik dat mense meer geïnteresseerd is in dinge wat vir hulle bekend is as in lewensvreemde sake. Waar Tacitus se *Agricola* dus aanklank sal vind by 'n Engelse student omdat dit in destydse Britannia afspeel, en 'n Duitse student die *Germania* sal geniet omdat dit in Duitsland van ouds afspeel, sal verbande wat met Afrika aangetoon kan word, iets sê vir iemand uit Suid-Afrika. So kan ons byvoorbeeld outeurs lees wat uit antieke Afrika kom, byvoorbeeld Terentius, wat van die heel vroegste komedies geskryf het, en Apuleius wat die eerste roman in die Westerse letterkunde geskryf het, en die kerkvader Augustinus wat 'n professoraat in Milaan prysgegee het en teruggekeer het na sy vaderland om 'n gemeente in die klein dorpie Hippo in Noord-Afrika geestelik te gaan bearbei. 'n Mens sou ook outeurs kon lees wat oor temas geskryf het wat iets met Afrika te doen het.[12] Dis egter veral in Klassieke Kultuurgeskiedenis en in die geskiedenis-komponent van die Latynse en Griekse kursusse waar daar die geleentheid is om Afrika-gerigte temas te behandel.[13] Trouens, as 'n mens begin dink, is daar vele raakpunte, soos blyk uit die tema van die 1989 KVSA kongres: *Ex Africa semper aliquid novi.*

Kortom, ons in die Klassieke het 'n bydrae te lewer en iets te sê vir jonk en oud in die nuwe Suid-Afrika. Dit sal egter van óns entoesiasme en van die insette wat óns lewer, afhang of hierdie kennis tot onsself beperk gaan bly en of ons ons kosbare Klassieke erfenis gaan laat voortleef in die nuwe era wat ons nou betree.

Louise Cilliers
(Voorsitter: Klassieke Vereniging van Suid-Afrika)

---

kies. Die Latyn-opsie het tans 'n suksessyfer van 88% teenoor die ongeveer 12% sukses van die ander remediërende kursusse (*Akroterion* 35(1), 1990, 42. Vgl. ook die artikel van S. Stephens, "Latin and the learning disabled student", *Classical Outlook* 67, 1990, 111-113).

12 Bv. Sallustius se *Bellum Jugurthinum* wat in Noord-Afrika afspeel. Vgl. ook dr. Jo-Marie Claassen van Stellenbosch se Afrikaans/Engelse kommentaar op Nepos se *Vita Hannibalis* (daar word beoog om dit ook met 'n Xhosa-woordeskat uit te gee) waarin sy gepoog het om 'n interessante stukkie geskiedenis verteerbaar en bevatlik vir Latynbeginners in 'n Afrika-konteks aan te bied, en waar Hannibal sover moontlik as 'n vroeë Afrika-held uitgebeeld word.

13 So het prof. F. Saayman van die Universiteit van die Noorde gevind dat die behandeling van die sogenaamde "competitive societies" in die Griekse etiek-komponent van Klassieke Kultuurgeskiedenis groot aanklank gevind het by sy studente omdat hulle gemeenskaplike waardes gevind het in die gemeenskappe van Agamemnon se tyd en hul eie kultuur. Prof. Scourfield van WITS behandel weer in Classical Civilization temas soos "Ancient Political Systems", en "Death in Society", terwyl die studente aan die Universiteit van Zimbabwe in Harare volgens mev. Jessie Maritz temas soos "Die opkoms van nasionalisme in antieke Afrika" en "Die vroegste versetbeweging in Afrika" interessant vind. Mnr. Lambert van die Universiteit van Natal (Pietermaritzburg) ervaar dat vergelykende kursusse veral op die gebied van Grieks/Romeinse en Afrikagodsdienste aanklank vind, terwyl dr. Betine van Zyl-Smit van die Universiteit van Wes-Kaapland glo dat 'n mens al baie bereik deur net klem te lê op die universeel-menslike element in die Klassieke. Die kwessie van mondelinge oorlewering spreek ook baie direk tot swart studente, en word as onderafdeling van Klassieke Kultuurgeskiedenis by die Universiteit van Kaapstad aangebied.



http://akroterion.journals.ac.za/